**OPSTANDINGSONDAG 2026**
**Met die opstanding kry ons nog 'n kans**

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## AANKONDIGINGS:

- Hartlik Geluk aan almal wat hierdie week verjaar! Vandag, 5 April, verjaar Miemie Bezuidenhout en Andries Bornman. Maandag 6 April verjaar oom Johan Blignaut en hy word 81 jaar oud. Dinsdag 7 April is die Hantie Oelofse se verjaarsdag. Woensdag 8 April, Elna Marais. Donderdag 9 April, Michiel Williams. Vrydag 10 April, Jacques Roux en Elanie le Roux. Saterdag 11 April is dit Hannie White en Eugene Weakley se beurt. Ons dank die Here vir al hierdie genade en wens julle net die mooiste en gesondste dae vorentoe.
- Die nuutste HERVORMER is in die ingangsportaal beskikbaar. Op bladsy drie is daar 'n artikel wat ek onder die titel geskryf het: Wanneer die Lig stilletjies dowwer word: 'n Roepingsgesprek vir gemeentes van die NHKA.

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## LIEF & LEED:

- Tannie Hannetjie Prinsloo het geval en haar arm gebreek.
- Dinsdag 7 April is dit my en Elizabeth se 36^ste^ huweliksherdenking.
- Cecile van Niekerk skryf, ek gaan ouma word, my jongste seun Brandon en sy vroutjie is swanger.
- Kayla Botha is gekies vir die Action Netball SA Squad vir 2026. Hulle toer aan die einde van die jaar in Engeland.

## KLOK:

Opstandingsondag, of Paassondag, is die hoogtepunt van die Christelike kerkjaar en word reeds sedert die eerste eeue van die kerk gevier as die dag waarop Jesus Christus uit die dood opgestaan het. Histories het die vroeë kerk hierdie dag as die "eerste dag van die week" begin vier, as teken van 'n nuwe skepping en 'n nuwe begin deur God se ingryping. Liturgies is dit 'n fees van lig, lewe, oorwinning en nog 'n kans. Ons vier immers die oorwinning van Christus oor sonde en dood.

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

Daarom steek ons vandag simbolies 'n kers aan: die lig van Christus wat die duisternis verdryf, die nuwe lewe wat deurbreek, nog 'n kans en die hoop wat weer gebore word in ons harte en in die wêreld.

## TOETREDE:

Ons staan vir 'n toetrede lied Gesang 409: 1-3 ~ Hoor jy die Paasfees klokke; direk daarna die votum en die seëngroet. Ons bly ook staan vir die loflied, Gesang 422: 1-3 ~ Die Heer, die Heer het opgestaan!

## Gesang 409: 1-3 ~ Hoor jy die Paasfees klokke.

## VOTUM:

Jesus het verrys! Hy breek die dood se greep, Hy bring die lewe. Die graf kon Hom nie hou. Versoening is verwerf, ons word vergewe. Hy lewe, Hy lewe! Oorwinnaar en heilbewerker (Gesang 410: 1).

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## SEËN:

Geliefdes ontvang hierdie wonderlike seën van die Here: Jesus Christus lewe. Hy gee ons sy vrede. Hy tree vir ons in. Niks kan ons van Hom skei nie (Gesang 412: 1). Amen.

## LOFLIED: Gesang 422: 1-3 ~ Die Heer, Die Heer het opgestaan!

## WET:

Die liefde wat God aan ons geskenk het deur sy Seun se opstanding uit die dood, bind ons as gelowiges aan mekaar. In Johannes 13: 34-35, 1983 word hierdie liefde aan ons verduidelik: *Ek gee julle 'n nuwe gebod, julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is*.

Mag ons ons as geloofsgemeenskap daaraan toewy om altyd opreg teenoor mekaar te wees. Sonder enige eie gewin of persoonlike agenda, mag ons altyd vashou aan

en ons verbly oor die opstanding van Jesus Christus. Mag ons waarlik in Jesus se voetspore volg, mekaar vergewe en liefhê soos Christus ons vergewe en lief het.

## SKULDBELYDENIS:

Wanneer mense dit begin doen, verander die wêreld. Die kerk, God se kerk, moet weer haar roeping van God hoor: Gaan na al die mense van die wêreld toe en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle geleer het.

Kom ons sing VONKK 17: 1-2 as skuldbelydenis.

## GENADEVERKONDIGING:

Ons het so pas in ons lied ons sondes voor God bely. Hoor dan God se genade soos dit opgeteken is in Romeine 10 vers 9 en 10: Daar staan geskrywe: *"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered."*

Laat ons nou ons geloof bely:

## GELOOFSBELYDENIS:

Ek glo in Jesus Christus - Sy eniggebore Seun - ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees - gebore is uit die maagd Maria - wat gely het onder Pontius Pilatus - gekruisig is - gesterwe en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel - en sit aan die regterhand van God - die almagtige Vader - van waar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

AMEN.

Ons het bely dat Jesus deur sy lyding, sterwe en opstanding vir ons die ewige lewe verwerf het. Laat ons nou saam bid.

## GEBED

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

# Matteus 28: 1-20:

## *Jesus het opgestaan*

(Mark. 16:1-8; Luk. 24:1-12; Joh. 20:1-8)

1 Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig
word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf
gaan kyk.

2 Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van
die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe
gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit. 3 Sy
voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit
soos sneeu. 4 Van skrik vir hom het die wagte gebewe en
soos dooies geword.

5 Toe sê die engel vir die vroue: “Julle moet nie bang wees
nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. 6 Hy is nie
hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê
het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het.
7 Gaan gou en sê vir sy dissipels: ‘Hy is uit die dood
opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar
sal julle Hom sien.’ Dit is wat ek vir julle moes sê.”

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

8Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel.

9Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom
aanbid. 10Toe sê Jesus vir hulle: "Moenie bang wees nie.
Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien."

## *Die berig van die wagte*

11Terwyl die vroue op pad was, kom party van die wagte in die stad aan en vertel vir die priesterhoofde alles wat
gebeur het. 12Die priesterhoofde het saam met die familiehoofde vergader en die volgende plan gemaak.
Hulle het vir die soldate 'n groot som geld gegee 13en
gesê: "Julle moet sê: 'Sy dissipels het in die nag gekom
en sy liggaam gesteel terwyl ons geslaap het.' 14En as die
goewerneur daarvan hoor, sal ons hom tevrede stel en sorg dat julle nie bekommerd hoef te wees nie."

15Die wagte het toe die geld gevat en gemaak soos hulle voorgesê is.

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode vertel.

## *Jesus se opdrag aan die dissipels*

(Mark. 16:14-18; Luk. 24:36-49; Joh. 20:19-23; vgl. Hand. 1:6-8)

16Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg
waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. 17Toe hulle
Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel
het. 18Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle
mag gegee in die hemel en op die aarde. 19Gaan dan na
al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop
hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die
Heilige Gees, en 20leer hulle om alles te onderhou wat Ek
julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die
voleinding van die wêreld.”

## PREEK:

Ons het Vrydag uit die Bybel Jesus se laaste oomblikke tot in die dood gelees. Soos Jesus se dissipels, het ons ook nagmaal gevier. Dit het nooit gegaan oor die manier waarop ons die nagmaal gehou het nie, maar oor die ryk

boodskap daarvan. In swart geklee, vir die dood van Jesus, het ons stil uitmekaar gegaan.

Vandag kom ons weer bymekaar, hierdie keer in wit en goud. Daai groot klip voor Jesus se graf, die een wat geseël is en met 'n wag opgepas is, is oopgerol en Jesus het uit daai graf gekom.

Dit is Opstandingsondag en ons staan by die kern van ons Christelike geloof: Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het! Ons besef weer opnuut: Dit maak ons geloof heel anders as enige ander geloof waarvan ons hoor, lees of weet.

Die Opstanding van Jesus Christus is nie net 'n mooi verhaal of 'n simboliese gedagte nie – dit is die keerpunt van die wêreld se geskiedenis. Dit is die oomblik toe God, in Jesus Christus, ingegryp het en gesê het: die dood kry nie die laaste sê oor My kinders nie. Ons kan hieroor uitroep: *Dood waar is jou angel nou?* Ons kry nog 'n kans op die ewige lewe, want dit is hoe lief God ons het.

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

Vandag hoor ons hierdie boodskap nie net as iets wat lank gelede gebeur het nie. Vandag hoor ons dit as 'n lewende waarheid vir ons eie lewens vandag. En in besonder vandag, waar twee jongmense in die huwelik tree, hoor ons dit as 'n persoonlike evangelie (nie privaat nie, net persoonlik): met die opstanding gee God nog 'n kans. Julle huwelik is vandag simbool daarvan.

Wanneer ons na Matteus 28 kyk, moet ons onthou hoe die wêreld van daardie eerste gelowiges gelyk het. Alles het daarop gedui dat Jesus se verhaal verby was. Hy is gekruisig, verneder, begrawe en sy graf is verseël. Daar was 'n wag wat wag gehou het. Volgens die gebruike van daardie tyd sou die dood 'n proses wees – 'n wagtyd van ontbinding, 'n wagtyd voordat enigiets nuuts kon gebeur. Maar juis daar, waar alles verby lyk, gryp God in. Soos ons ook hoor uit die historiese praktyke van daardie tyd , gebeur die opstanding nie volgens menslike verwagting nie, maar volgens God se wil.

En dit is belangrik om raak te sien: die opstanding gebeur nie omdat mense geglo het dit gaan gebeur nie. Dit gebeur juis waar alle menslike hoop verlore was. Die dissipels was nie by die graf in afwagting nie – hulle was weg, bang en onseker – toegesluit in 'n bovertrek. Die eerste getuies is nie die sterkstes of die belangrikstes nie, maar vroue – mense wat in daardie samelewing nie eens as betroubare getuies gereken is nie. Selfs soldate en vyande word deel van die verhaal. Dink aan die romeinse offisier en die soldate wat daar by die kruis van Jesus bely het: waarlik, hierdie man, was die seun van God!

Hierin lê 'n diep evangelie: God begin nuwe dinge waar mense dit die minste verwag. God gebruik onverwagse mense. God gee nuwe kanse aan mense wat nie gereed is nie. Dit beteken dat die opstanding nie net 'n oorwinning oor die dood is nie, maar ook 'n oorwinning oor ons wanhoop, ons mislukkings, ons sonde en ons gevoel dat dinge verby is.

Wanneer die engel sê: “Hy is nie hier nie, Hy het opgestaan,” dan is dit nie net ’n aankondiging nie – dit is ’n nuwe begin. Want kyk wat gebeur daarna. Die vroue hardloop met vrees en blydskap. Die dissipels kry weer ’n roeping. Petrus, wat Jesus verloën het, word nie afgeskryf nie, maar weer ingesluit in God se plan. Die kerk self word gebore uit hierdie oënskynlike doodloopstraat.

Dit bring ons by die kern van die boodskap van vandag: die opstanding beteken dat God nie mense afskryf nie. Die opstanding beteken dat daar altyd nog ’n kans is.

En dit is nie net waar vir die eerste dissipels nie, maar ook vir ons vandag. In ons eie geloofslewe, in ons gemeentelewe, gebeur dit dikwels dat die lig stilletjies begin dowwer word. Nie deur groot dramatiese oomblikke nie, maar deur moegheid, roetine, onsekerheid en die druk van die wêreld wat net meer en meer van ons tyd wil hê. Soos ons dit ook herken in ons eie konteks , kan ’n mens steeds funksioneer, maar tog die gevoel hê dat iets ontbreek – dat die vuur nie meer so helder brand nie.

Juis hier bring die opstanding vir ons hoop. Dit sê vir ons: dit is nie verby nie. God is nie klaar met ons nie. God is nie klaar met jou nie. Hy roep ons weer, Hy lei ons weer, Hy gee vir ons weer ’n nuwe begin. Nie noodwendig deur groot planne of dramatiese veranderinge nie, maar deur eenvoudige gehoorsaamheid – deur weer te luister, weer te bid, weer te vertrou, weer te probeer.

En dan, geliefdes, kom hierdie boodskap vandag baie konkreet na ons toe in die lewe van twee jongmense wat in die huwelik tree. Want ’n huwelik is nie gebou op die idee van perfektheid nie. Dit is nie gebou op die gedagte dat alles altyd reg was of gaan wees nie. Dit is nie gebou op die volmaakte menswees nie. Inteendeel, elke huwelik begin met twee mense wat mekaar liefkry, twee onvolmaakte mense. Elke huwelik gaan ook deur tye van spanning, seer en misverstand.

Die opstanding bring ’n ander waarheid na die huwelik: daar is altyd nog ’n kans. Nog ’n kans om weer te kies vir

mekaar. Nog ’n kans om te vergewe. Nog ‘n kans om die ou koeie in die sloot, te begrawe. Nog ’n kans om weer lief te hê, selfs wanneer dit moeilik is. Soos Jesus ná die kruis nie sê “dit is klaar” nie, maar nuut begin, so roep God elke huwelik om telkens weer nuut te begin.

Daarom trou julle vandag nie net met mekaar nie, maar in die Lig van die opstanding. Julle trou met die wete dat God se genade groter is as julle foute, dat sy liefde sterker is as julle swakheid, en dat sy krag julle sal dra wanneer julle self nie meer kan nie.

Jesus sê: “Gaan dan…” Die opstanding stuur ons vandag ook uit. Dit roep ons tot ’n nuwe lewe. Dit beteken dat hierdie nuwe kans nie bedoel is om ons net gemaklik te laat voel nie, maar om ons te verander – om ons anders te laat leef, anders te laat liefhê, anders te laat vergewe, anders te laat getuig.

En daarom, moet elkeen van ons vandag hierdie vraag hoor: Waar het jy gedink dit is verby? In jou geloof? In jou

verhoudings? In jou hoop? Die leë graf antwoord ons: dit is nie verby nie! Daar is altyd weer nog 'n kans!

Op hierdie Opstandingsondag verkondig ons saam: die klip is weggerol, die graf is leeg, Jesus leef. En daarom is daar nog 'n kans – vir my, vir jou, vir ons almal. Kom ons vat daai kans, kom ons deel ook daai kanse aan mekaar uit, kom ons wees dankbaar as ons nog 'n kans gekry het. Amen.

## HUWELIKSBEVESTIGING:

Ek vra dat Machiel & Adine nou na vore sal kom

## Wisselformulier van die huwelik

Geliefdes, ons is as getuies in die naam van God bymekaar om Machiel Engelbrecht en Adine Hauptfleisch in die huwelik te bevestig en God se seën daarop te vra.

Egpare se sorg vir mekaar word sigbaar daarin dat hulle in gehoorsaamheid aan die evangelie van Jesus Christus

mekaar geestelik, emosioneel en fisiek versorg. So leer ons om mekaar waarlik lief te hê en te dien. Die liefde tussen julle twee moet God se liefde weerspieël.

Dra mekaar se laste. Bly in alle omstandighede getrou. Bou mekaar op. Aanvaar saam verantwoordelikheid vir die verhouding. Leef sober. Waak teen uitspattigheid en materialisme. Betoon barmhartigheid teenoor ander.

God skep ook ruimte vir julle in sy kerk. Skakel in, werk saam en dra by tot die instandhouding van die gemeente waar julle 'n geestelike tuiste vind. Deelname aan die gemeente bou die huwelik en die geloofsgemeenskap op. Betrokkenheid na buite dra die lig van die evangelie verder uit en verheerlik God in die wêreld.

## Vrae:

Noudat julle dit alles gehoor het, is julle bereid om julle huwelik in te rig volgens die riglyne van God se Woord en wil julle voortgaan met die huweliksbevestiging?

Huwelikspaar antwoord: Ja.

Om julle huwelik volgens die vereistes van die landswet te bevestig, moet u op die volgende vrae antwoord:

Aan die bruidegom:
Verklaar jy, Machiel, dat sover jy weet daar regtens geen beletsel is nie teen jou voorgenome huwelik met Adine hier teenwoordig, en dat jy almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat jy haar tot jou wettige vrou neem?
Bruidegom antwoord: Ja.

Aan die bruid:
Verklaar jy, Adine, dat sover jy weet daar regtens geen beletsel is nie teen jou voorgenome huwelik met Machiel hier teenwoordig, en dat jy almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat jy hom tot jou wettige man neem?
Bruid antwoord: Ja.

Liturg:
Gee mekaar die regterhand (die ringe word nie hier aangesteek nie).

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

Geliefdes, ek verklaar dat Machiel Engelbrecht en Adine Hauptfleisch, albei hier teenwoordig, regtens getroud is. Hou mekaar se hande vas as simbool van wedersydse trou terwyl julle nou die huweliksbelofte aflê.

Machiel, belowe jy voor God en die teenwoordige getuies dat jy Adine, in gehoorsaamheid aan God sal liefhê, beskerm, versorg en bystaan? Belowe jy om haar geborgenheid te bied deur getrou aan haar te wees; heilig met haar te lewe en haar geestelik te versorg totdat die dood julle skei? Wat is hierop u antwoord?
Bruidegom antwoord: Ja.

Adine, belowe jy voor God en die teenwoordige getuies dat jy Machiel, in gehoorsaamheid aan God sal liefhê, beskerm, versorg en bystaan? Belowe jy om hom geborgenheid te bied deur getrou aan hom te wees; heilig met hom te lewe en hom geestelik te versorg totdat die dood julle skei? Wat is hierop u antwoord?
Bruid antwoord: Ja.

Tekste: Gesang 410: 1; Gesang 412: 1; Johannes 13: 34-35, 1983; Romeine 10: 9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 28: 1-20, 1983.
Liedere: Gesang 409: 1-3; Gesang 422: 1-3; VONKK 17:1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## GEBED:

## SEËN: Staan

Gesang 268 + Psalm 134: 1-2 + Gesang 268